

THE GLOBAL INITIATIVE  
AGAINST TRANSNATIONAL  
ORGANIZED CRIME



# OM VEERKRAAGTIG TE WEES


Kim Thomas en Roegchanda Pascoe

LESSE UIT GEMEENSKAPSREAKSIES  
OP BENDES IN KAAPSTAD:  
*Gedagtes van 'n Manenberg-aktivis*

Desember 2018

A NETWORK TO COUNTER NETWORKS

The image shows a network graph composed of several nodes and connecting lines. There are four main nodes highlighted with colored circles: a purple node at the top left, a cyan node at the top center, a red node on the right side, and a yellow node at the bottom right. These four nodes are interconnected by a dense web of gray lines, forming a central cluster. Below this cluster, there are two additional purple nodes and two cyan nodes, each also connected by a network of gray lines. A single dotted line extends from the yellow node towards the bottom right corner of the frame. The overall structure represents a complex network or social system.




# OM VEERKRAKTIG TE WEES

Kim Thomas en Roegchanda Pascoe

---

LESSE UIT GEMEENSKAPSREAKSIES  
OP BENDES IN KAAPSTAD:  
*Gedagtes van 'n Manenberg-aktivis*

Desember 2018




Omslagfoto: Mik Motala

© 2018 Global Initiative against Transnational Organized Crime. Alle regte voorbehou.

Geen deel van hierdie publikasie mag in enige vorm of op enige manier gekopieer of oorgedra word sonder die skriftelike toestemming van die Global Initiative nie. Rig navrae aan:

The Global Initiative against Transnational Organized Crime  
WMO-building, 2nd Floor  
7bis, Avenue de la Paix  
CH- 1211 Geneva 1  
Switzerland

[www.GlobalInitiative.net](http://www.GlobalInitiative.net)



'Een Woensdag in Oktober 2018 kry ek 'n oproep. 'n Jong ma van twee is pas geskiet. Terwyl sy op pad huis toe was na werk, is Celeste Abdol in die kruisvuur tussen bendes in Manenberg doodgeskiet.<sup>1</sup> Dit was 'n aand soos vele ander. Twee dae later is 'n 63-jarige ouma in haar huis doodgeskiet.<sup>2</sup> En 'n maand later het 'n dwaalkoeël 'n sewejarige seuntjie getref toe 'n bendeskietry buite sy huis losgebars het. Hy was besig om te speel toe die koeël sy maag binnedring.<sup>3</sup> Hierdie drie verhale in een enkele maand gee 'n beeld van die alledaagse werklikheid van vrees vir bendegegeweld waarin Manenberg se inwoners leef.'

Aktivis Roegchanda Pascoe, voorsitter van die Manenberg Veiligheidsforum, oor die lewe in Manenberg.

## Inleiding

Suid-Afrika se koers van geweldsmisdaad is lankal buitengewoon hoog, maar die afgelope jare het die moordsyfer onrusbarend gestyg. Kaapstad het die hoogste moordsyfer van al die land se groot stede en dis ook hier waar die moordkoers die skerpste gestyg het tot 69 per 100 000 (2018-syfers).<sup>4</sup> Manenberg, een van baie Kaapstadse voorstede uit die apartheidsera wat verlam is deur bendebeheer en bendegegeweld het egter 'n verstommende hoë moordkoers van 108 per 100 000.<sup>5</sup> Dit is vergelykbaar met van die gewelddadigste stede ter wêreld.


Die uiter hoë moordkoers kan grootliks aan bendeeverwante geweld toegeskryf word. Na berekening is 10 groot bendes en sowat 40 kleiner bendes in Manenberg bedrywig – in 'n stedelike gebied van slegs 3.35 vierkante kilometer. Dié buurt is ook die tuiste van sommige van Kaapstad se berugste en gewelddadigste bendes. Hulle het dwelms en geweld bekend gestel op 'n vlak wat die gemeenskap nog nooit beleef het nie.

Hierdie gevallestudie van Manenberg, wat spesifiek op die ervarings van een aktiviste-organisasie in daardie gemeenskap fokus, vorm deel van die Global Initiative se breër veerkrachtigheidsprojek, die Resilience Project (#GIResilience Project). Dit fokus op Manenberg, nie net omdat die gebied al lank berug is weens bendegegeweld nie, maar ook omdat dit 'n gemeenskap is wat uitstaan as 'n skitterende voorbeeld van aktivisme en gemeenskapsveerkrachtigheid in die aangesig van die reusevlakte van geweld waarmee dit daagliks te doen het. Hierdie dokument kyk egter nie net na Manenberg as 'n geval van uiterse geweld en een Nie-Regeringsorganisasie (NRO) se poging om weerstandigheid daarteen op te bou nie – dit is ook bedoel as 'n stel gereedskap vir diegene wat elders die veerkrachtigheidsmodel teen gewelddadige georganiseerde misdaad wil gebruik. Mense in gemeenskappe wat deur geweldsmisdaad geteister word, staar gekompliseerde uitdagings in die gesig en dit word toenemend duidelik dat die opbou van gemeenskapsveerkrachtigheid 'n belangrike deel van die omvattende reaksiemeganisme is.

Hierdie 'toolkit' inkorporeer veral lesse wat by die Manenberg Veiligheidsforum geleer is. As sodanig bied dit dus praktiese oordraagbare advies en wenke wat leiding kan bied aan enige organisasie wat die Manenberg Veiligheidsforum se veerkrachtigheidsinisiatiwe wil toepas. Dit ontwikkel 'n stel riglyne om veerkrachtigheid te help vestig en handhaaf in ander situasies waar hoë misdaadvlakte 'n bedreiging is.

### #GIResilience Project

Die doel van die #GIResilience Project is om 'n wêreldwye netwerk van veerkrachtige gemeenskappe te skep as teenvoeter vir misdaadnetwerke en om die netwerke se uitwerking te help verminder. Dit behels dat lig gewerp word op die moedige en inspirerende werk wat onder die uitdagendste omstandighede gedoen word en dat veerkrachtigheidsgebaseerde inisiatiwe ontwikkel word. Dit werp ook lig op burgers wat hulle voet teen misdaad neergesit het en dit steeds doen en help om hulle te beskerm en te bemagtig. Deur by gemeenskappe se eie bronne van veerkrachtigheid in te skakel, kan ons volhoubare reaksies teen georganiseerde misdaad bou en hulle kapasiteit om te floreer ontwikkel.<sup>6</sup>



**Veerkragtigheidsaamtrek:** Lede van die gemeenskap betoog teen bendes en geweld, Kaapstad, Oktober 2018.



## Manenberg: Hoekom die geweld?

Dwarsdeur die stryd teen Suid-Afrika se apartheidregering het Manenberg se mense hulle veerkragtigheid met politieke en sosiale aktivisme getoon. Later, in die demokratiese era van die ‘nuwe Suid-Afrika’ was die gemeenskap van Manenberg steeds merkwaardig veerkragtig. Maar deesdae voer hulle h ander soort stryd: die veerkragtigheid het nou die gedaante aangeneem van weerstand teen die gewelddadige georganiseerde misdaad wat die gemeenskap voortdurend bedreig. Bendes, gewere en dwelmoorloë het die plek ingeneem van die apartheidregering se bedreiging van die gemeenskap. Die bronse van veerkragtigheid in Manenberg vandag is die gemeenskap se reaksiemeganismes, maar waar dit destyds ingespan is teen h rassistiese, diskriminerende regering, moet dit nou diegene ondersteun wat deur die koeëls van bendeoorloë bedreig word.

Dit belangrik om aandag te skenk aan hoe die gemeenskap reageer op die uitdagings van gewelddadige misdaad, want lede van oorlaaide gemeenskappe met min bronse het daagliks te doen met die wrede werklikhede van hierdie omgewing. Hulle verstaan ook die impak van georganiseerde misdaad op die plaaslike kultuur, soos familienetwerke en -waardes. Deur dié stryd bou gemeenskappe groot krag op in die netwerke en verhoudinge wat hulle vorm. Om veerkragtige gemeenskappe te help skep is dit dus belangrik om te verstaan hoe waardevol dit is om hierdie gemeenskapsnetwerke op h volhoubare wyse te versterk en te ondersteun.

Dit is ook belangrik om te onderskei tussen pogings om veerkragtigheid op te bou en vigilantisme. Vigilantegroepe, anders as veerkragtigheidforums in die gemeenskap, word

*In die demokratiese era van die ‘nuwe Suid-Afrika’, was die gemeenskap van Manenberg steeds merkwaardig veerkragtig*

gekenmerk deur gewelddadige reaksie op misdaad en deurdat hulle die reg in eie hande neem. Daarenteenoor is gemeenskapsveerkragtigheid se benadering tot georganiseerde misdaad wel kragtig, maar dit is nie gewelddadig nie. Manenberg het 'n sterk netwerk van veerkragtige aktiviste en bied daarom die ideale raamwerk waarbinne meer geleer kan word van hoe veerkragtige gemeenskappe funksioneer. Hierdie lesse en ervarings in Manenberg kan oorgedra word na die breë doelstellings en behoeftes van gemeenskappe wêreldwyd wat deur georganiseerde misdaad geteister word.

**Gemarginaliseer:** Manenberg word gekenmerk deur substandaard behuising.



## Wat is veerkragtigheid en hoekom is dit belangrik vir Manenberg?

Veerkragtigheid kan gedefinieer word as:

- Die **krag om** op moeilikhede **te reageer**
- deur **op te staan** teen swak invloede, en
- om te probeer om die **uitwerking** van hulle negatiewe beheer soveel moontlik **te beperk**.
- Dit is ook die vermoë om in moeilike tye telkens **weer op te staan**.

Veerkragtigheid teen georganiseerde misdaad op gemeenskapsvlak word gekenmerk deur 'n nie-gewelddadige benadering op voetsoolvlek; 'n veerkragtige gemeenskap verstaan ook hoe geweldsmisdaad mag in die gemeenskap gekry het. Veerkragtigheid kan op 'n paar maniere uitgedruk word:

- Deur h alternatiewe visie te skep van wat h gemeenskap kan wees.
- Deur verhoudinge te bou, sodat individue en groepe saam sterk kan staan.
- Deur die versoekings van georganiseerde misdaad en die leefstyl wat dit bied, te weerstaan.
- Deur voortdurend teen onreg op te staan.
- Deur wisselwerking met bendelede sowel as die geloof in hul vermoë om te verander.
- Deur saam te staan, sodat mense se stemme as h groep gehoor kan word.
- Deur veilige ruimtes te skep, sodat kinders buite kan speel.
- Deur slagoffers van geweld en mishandeling te ondersteun.

In Manenberg, h gemeenskap wat deur bendebeheer en geweld benadeel word, is dit hoofsaaklik deur die inwoners se gemeenskapsveerkragtigheid dat daar hoop op h beter toekoms kan wees. Omdat hulle reeds in hulle gemeenskappe gevvestig en gerespekteer is, het aktiviste en organisasies op voetsoolvak, soos die Manenberg Veiligheidsforum, die potensiaal om saam met die inwoners te werk om h selfs sterker en veerkragtiger gemeenskap te bou om Manenberg van onder af boontoe te verander.

## Veerkragtigheid in konteks: Manenberg se geskiedenis, demografie en bendebeheer

---

Wêreldwyd is daar verskeie gemeenskapsreaksies op geweldsmisdaad en Suid-Afrika is geen uitsondering nie. Daar is nogtans min besinning oor die lesse wat geleer kan word uit die vestiging en volhoubaarheid van veerkragtige organisasies. In h poging om dié gaping te oorbrug, besin hierdie gevallestudie oor die vestiging en evolusie van een organisasie, die Manenberg Veiligheidsforum, en hoe dit h gemeenskapsreaksie in een bepaalde verband ontwikkel het. Manenberg het h ryk geskiedenis van politieke en sosiale aktivisme. Hierdie gevallestudie kyk na die impak van bendes in Manenberg en wat presies aktiviste motiveer om bymekaar te kom. Dit kyk dan na die werk van die Manenberg Veiligheidsforum en besin oor die lesse wat geleer is om sodoende ander organisasies en aktiviste te help en hulle raad te gee oor hoe om ook sulke veerkragtige reaksies te ontwikkel.

Wanneer jy Manenberg binnegaan – h hoëdigtheids- stedelike gebied op die Kaapse Vlakte, suidoos van Kaapstad se middestad – is die eerste ding wat jy raaksien dat baie jeugdiges wat op straathoeke rondstaan. Hulle wil nie binnenshuis wees nie: die ruimtes is beknop, met soveel mense onder een dak dat hulle soms in skofte moet slaap. Gevolglik is die strate die enigste plek waar hierdie jeugdiges onafhanklik kan voel en van hul haglike omstandighede kan wegkom. Die oorbewoning is een van die buurt se baie maatskaplike uitdagings. Soos in ander gemarginaliseerde stedelike gebiede wat die apartheideregering in Suid-Afrika geskep het, het die inwoners beperkte toegang tot maatskaplike dienste en werkgeleenthede. Manenberg is doelbewus so ontwerp. Dit is in 1966 deur die apartheideregering gevvestig as deel van die program van gedwonge verskuiwings en hervestiging, ingevolge die Groepsgebiedewet. Dit het behels dat groepe mense gedwing is om in afgeleë gebiede te woon wat vir bepaalde rasse geallokeer is. Die inwoners van Manenberg is van oor die hele Kaapstad hervestig, insluitend Distrik Ses, Constantia, Wynberg en Seepunt. Hierdie inwoners is op h onbekende plek saamgebondel en gedwing om in swak behuising te woon, sonder hoop of geleenthede. Dit is ook die boodskap wat hierdie jong mans wat op die straathoeke rondstaan met die oorbewoonde drie verdieping-woonstelgeboue agter hulle oordra: uitsigloosheid en h lewe sonder geleenthede.

Hierdie marginalisering het op talle maniere h impak op Manenberg gehad. Baie hoërskoolstudente sien nie h toekoms vir hulself nie, met h uitsakkoers van 78 persent<sup>7</sup> tot gevolg. Werkloosheid in Manenberg is buite-verhouding



hoog, met net 64 persent van die arbeidsmag wat werk het.<sup>8</sup> h Onopgeleide en werklose jeug, met te veel tyd en te min hoop, kan h gewillige poel rekrute vir die plaaslike bendes bied.<sup>9</sup>


Vir baie gemarginaliseerde jong mans bied bendes h kans en h bron van werk. Meer nog, dit bied ook h gevoel van behoort, van identiteit – iets wat hierdie jeugdiges onsettend nodig het. Daar word geraam dat 30 persent van manlike inwoners van Manenberg tussen die ouderdom van 10 en 30 bendelede is.<sup>10</sup> Die feit dat bendelidmaatskap so algemeen is, het meegebring dat die gemeenskappe gekondisioneer is het om die bendekultuur as h daagliks realiteit te aanvaar. En vir baie van hierdie ontneemde jong mans, lyk bendelidmaatskap na h loopbaan.

In hierdie ysingwekkende omgewing het bendes en bendeeverwante geweld nuwe "normaal" geword. Volgens ouer inwoners van Manenberg, het bendelede aanvanklik grootliks onderlings baklei met stokke en messe. Net die bendebase het gewere gebruik.<sup>11</sup> In die 1970's was die bendes in Manenberg minder gewelddadig en die geweld het meestal snags plaasgevind wanneer die meeste mense in hul huise was. Die groot keerpunt het in die 1990's gekom, toe die bendes dele van die gemeenskap begin infiltrer het. Ryk bendelede, gretig om geloofwaardig te wees en as plaaslike Robin Hood-figure beskou te word, sou rekeninge betaal en behuising vir die armes en kwesbares bekom. Daar word selfs vertel dat sommige bendelede handvol geld uit hulle motorvensters na die plaaslike mense gegooi het wanneer hulle in die buurt rondgery het.<sup>12</sup> Hierdie was'n soort opsigtelike vertonerigheid, bedoel om die armoede van die gemeenskap uit te buit en om hul mag en houvas oor die inwoners uit te brei. Die 'vrygewigheid' van die bendes het ongelukkig teen h prys gekom: die inwoners is deur die bendebase gekoöpteer om dwelms vir hulle weg te steek en om hulle te waarsku wanneer die polisie in die omtrek is. Baie mense het nie uitkomkans gehad nie. Terwyl die bendes in alle aspekte van die gemeenskap ingekruip het, het hulle geweld die strate binne gevloeи.

Bendegeweld het oor die algemeen die afgelope vyf of ses jaar op die Kaapse Vlakte geëskaleer, maar die een kernfaktor in die onlangse toename in geweld was die invloei van vuurwapens. Dit is as gevolg van korrupte polisielede (insluitend h polisiekolonel) wat duisende uit die polisiemagasyn aan bendelede verkoop het.<sup>13</sup>



**Vreedsame protes:** Veerkrachtige gemeenskapslede vergader buite die Wes-Kaapse parlement tydens h optog teen bendes en geweld, Oktober 2018.



Nou is feitlik alle bendes swaar gewapen, en kinders so jong soos 12 jaar loop met gewere rond. Die toename in die beskikbaarheid van vuurwapens beteken dit is nie meer net ervare skuts wat nou toegang tot vuurkrag het nie, maar ook onopgeleide jeugdiges wat hulle spiere wil bult. Dié vertonerigheid, gekombineer met h gebrek aan kundigheid in die hantering van vuurwapens, lei tot al hoe meer geweld en al hoe meer omstanders wat in die bendes se kruisvuur beland.

Nog h oorsaak van die toename in geweld was die groter invloei van onwettige dwelms in Kaapstad. Dit het h langdurige oorlog oor dwelm-grondgebied aan die gang gesit. Daar is nou talle aktiewe bendes in Manenberg en jeugdiges baklei nie meer net huis om h plekkie te kry nie, hulle voer ook h stryd om grondgebied op straat. Dié grondgebied is beperk en met dié dat daar al hoe meer aktiewe bendes is, met al hoe meer produkte om te verkoop, is mededinging oor dwelm-grondgebied h algemene oorsaak van bendegeweld.

Manenberg se haglike maatskaplike en kriminele omstandighede is een van die dryfvere van hierdie lewendige en veerkrachtige gemeenskap. Die buurt se diep gewortelde geskiedenis van maatskaplike aktivisme strek terug na die 1970's, toe inwoners saamgestaan het om hulle vir beter lewensomstandighede te beywer. Tussen die 1970's en die 1990's is talle gemeenskapsorganisasies op die been gebring.<sup>14</sup> In die 1980's was Manenberg die tuiste van sommige prominente leiers van weerstandsbewegings teen apartheid. Die laat 1990's en die beginjare van die nuwe millennium het ook die opkoms en ondergang beleef van die vigilante-groep People Against Gangsterism and Drugs (Pagad). Pagad het tot stand gekom om weerstand te bied teen die gewapende en gewelddadige georganiseerde bendes op die Kaapse Vlakte, maar dit het gou ontaard in h gewelddadige ekstremistiese vigilante-groep wat bomme geplant en gemoor het.<sup>15</sup> Ná die arrestasie en gevangenskap van die meeste van sy lede in die vroeë 2000's, het Pagad se teenwoordigheid beduidend afgeneem en vandag meer die meeste bendes en gemeenskapslede dat sy rol onbelangrik is.

# Die Manenberg Veiligheidsforum

Die 21ste eeu het 'n aantal merkwaardige individue en organisasies opgelewer wat verenig is in hulle weerstand teen bendegeweld en in hulle voorspraak van die Manenberg gemeenskap. Ofskoon daar talle gemeenskapsreaksies teen misdaad en die maatskaplike onreg in Manenberg was, fokus hierdie handleiding spesifiek op dié van die Manenberg Veiligheidsforum en die lesse in veerkragtigheid wat hierdie organisasie die afgelope jare geleer het.

## 'Ons neem ons strate terug'

Die Manenberg Veiligheidsforum is in 2013 deur 'n groep van 20 mense gestig, kort ná nog 'n bendeskietery waarin 'n sesjarige seuntjie wat buite sy huis gespeel het, doodgeskiet is. Die man wat hom geskiet het, het blybaar gelag en gesê, 'Ek wil nog sien wie my in die tronk gaan stop.' Hierdie totale minagting van die reg – en van 'n menselewé – het diegene wat die stigters van die Manenberg Veiligheidsforum sou word in beweging gebring. Hulle is strate toe met 'n niegewelddadige betoging teen bendegeweld.

Sê Roegchanda Pascoe: 'Ons het gesê ons wil nie 'n bakteery in ons betogings hê nie, ons wil nie nog geweld in ons gemeenskap hê nie, want daar is reeds te veel daarvan. Ons betogings is vir almal in die gemeenskap, ongeag die organisasie of die politiek, want ons het almal die reg om veilig te voel. Dis hoe ons slagspreuk, "Ons neem ons strate terug" begin het.'

Roegchanda verduidelik dat mense na die Manenberg Veiligheidsforum opgesien het na die betoging omdat 'hulle baie moeg was vir die geweld en die vrees'. Ná daardie eerste vreedsame betoging 'het ons vennootskappe met godsdienstige leiers gesluit en ons het selfs bendeleiers begin betrek. Nadat ons verskeie mense en organisasies in ons gemeenskap betrek het, het ons ons visie en fokus rondom die behoeftes van ons inwoners gebou', verduidelik sy.

### **In Hawe weg van die geweld?**

Roegchanda Pascoe vertel van haar droom om hierdie ruimte op 'n positiewe manier te gebruik om die gemeenskap deur kuns bymekaar te bring. Manenberg, Oktober 2018.



## Veerkragtigheid: Visie en fokus

Die visie van die Manenberg Veiligheidsforum is om Manenberg 'n volhoubare, gesonde, vreedsame en vooruitstrewende voorstad van Kaapstad te sien word. Die organisasie wil dit bereik deur op vyf hoofpunte te fokus:

<b>1.</b> 	<b>2.</b> 	<b>3.</b> 	<b>4.</b> 	<b>5.</b> 
<b>Mobilisering.</b> Gemeenskapsreaksie deur betogings en gemeenskapsvergaderings.	<b>Reaksie</b> op misdaadtonele deur nooddienste te kontak, traumasteun te verskaf en te verseker dat omstanders nie by die misdaadtoneel inmeng of getuenis beskadig nie.	<b>Stemming-makery (lobbying) en voorspraak</b> deur die aandag te vestig op die uitdagings waarmee Manenberg se inwoners te doen het en deur die onderskeie regeringsvlakte te betrek.	<b>Algemene gemeenskap-steun</b> deur te help met toegang tot maatskaplike dienste en berading.	<b>Bendebe-middeling</b> deur bendeleiers en bendeledere te ontmoet en te help om geskille te besleg sodat dit nie in geweld ontaard nie.

Gegrond op die voorbeeld van die Manenberg Veiligheidsforum, bied die onderstaande stappe 'n gids vir die opstel van 'n gemeenskapsveerkragtigheid/veiligheidsgroep. Dit lig belangrike oorwegings en besluite uit wat in dié proses aangespreek moet word.

### In Stapp-vir-stap gids vir die opstel van 'n gemeenskapsveerkragtigheidsgroep

#### Is jy besorg oor die impak van bendes en hulle boewery in jou gemeenskap? Wil jy iets daaromtrent doen?

Eenheid is waardevol wanneer maatskaplike probleme aangespreek word. Voordat julle 'n nuwe organisasie begin, is dit dus belangrik om eers te kyk of daar 'n bestaande organisasie of groep in julle gemeenskap is met wie julle kan saamwerk. Vra by plaaslike godsdiensgroepe of gemeenskapsentrum. Julle kan hulle dalk help met die waardevolle werk wat hulle reeds doen en dit sal julle die administrasie spaar om 'n nuwe organisasie te begin.

As daar geen organisasie is wat die gaping vul wat jy geïdentifiseer het nie, kan jy dit oorweeg om 'n nuwe groep te begin om hierdie probleem aan te spreek.

Hierdie stappe verskaf voorgestelde riglyne vir hoe om te werk te gaan, met voorbeeld van die Manenberg Veiligheidsforum:



## **1. Bepaal visie en fokus**

Dis belangrik om te weet wat jy met jou organisasie wil bereik.

Vir die Manenberg Veiligheidsforum was dit dat Manenberg 'n volhoubare, gesonde, vreedsame en vooruitstrewende voorstad van Kaapstad moet word.

## **2. Betrek ander wat h soortgelyke visie en passie het om die doelstelling te bereik**

Wanneer 'n organisasie op die been gebring word, is dit altyd beter om die las en verantwoordelikheid te deel. Deur 'n komitee te stig, kan julle die kerntake en verantwoordelikhede deel en as 'n groep belangrike besluite neem.

Die Manenberg Veiligheidsforum se komitee/raad bestaan uit 'n voorsitter, visevoorsitter, administrateur, tesourier, skakelbeampte en beampte vir fondsinsameling. Hulle betrek ook ander inwoners, veral die jeug, om met bepaalde projekte en aktiwiteite te help.

## **3. Kom ooreen oor fokusareas of kernuitsette waardeur julle jul impak kan meet**

Dit kan bepaalde projekte of geleenthede wees, of dit kan eenvoudig 'n lys van fokusgebiede wees waar julle wil werk.

Die Manenberg Veiligheidsforum het vyf fokusareas: Mobiliseer gemeenskapsreaksie; reageer op misdaadtonele (kontak nooddienste, verskaf traumasteun en verseker dat die omstanders nie met die misdaadtoneel inmeng of getuienis beskadig nie); stemmingmakery (*lobbying*) en voorspraak (*advocacy*); algemene gemeenskapsteun vir maatskaplike hulp en bemiddeling tussen bendes.

## **4. Besluit of julle julle organisasie wil registreer of nie, en hoe**

Dit is 'n belangrike oorweging. Dit is nie nodig om julle organisasie te registreer om 'n impak te hê nie. Tog is dit baie nuttig om 'n nieregeringsorganisasie (NRO) te registreer wanneer fondsinsameling ter sprake kom en julle wil hê dat staatsinstansies soos die polisie, die departement van Maatskaplike Ontwikkeling en parlementêre komitees julle ernstig opneem.

Julle kan uit verskeie regsentiteite kies om julle organisasie te registreer, soos 'n vrywilligervereniging, trust of niewinsgewende organisasie. Elkeen het sy eie voor- en nadele. Wanneer julle besluit het as watter soort regsentiteit julle wil registreer, kan julle gerus daaraan te dink om by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling as 'n niewinsgewende organisasie te registreer, want dit sal julle groter legitimiteit in die oë van die staat verskaf, wat weer met befondsingsaansoeke sal help.

Vir meer inligting oor die praktiese en regsproses om 'n NRO op die been te bring, sien *NGO Matters: A Practical Legal Guide to Starting Up*, deur Nicole Copley.

## **Lesse van die Manenberg Veiligheidsforum: Veerkrachtigheid deur verhoudinge**

Wanneer sy oor haar vyf jaar as die voorsitter van die Manenberg Veiligheidsforum en haar dekade lange ervaring van aktivisme nadink, distilleer Roegchanda Pascoe die lesse wat sy geleer het: 'Wanneer ek terugkyk op my ervaring as 'n aktivis, is die belangrikste en waardevolste raad wat ek kan gee dat mense eerste kom en dat verhoudinge die sleutel daar toe is. Ek kan dit nie genoeg beklemtoon nie.'

Goeie verhoudinge is die fondament vir die volhoubaarheid van 'n veerkratige gemeenskap en die werk wat dit doen. Die vestiging en bestuur van sulke verhoudinge help sowel individuele aktiviste as die groei en volhoubaarheid van 'n organisasie in duidelik onderskeibare opsigte.

Die volgende kernpunte verduidelik in meer besonderhede die maniere waarop veerkratige gemeenskappe verskeie sulke verhoudinge met belanghebbendes en ondersteunende netwerke kan voed. Sodoende help dit met 'n volhoubare reaksie teen die bedreiging van gewelddadige georganiseerde misdaad. Dit is praktiese, oordraagbare boustene om doeltreffende, volhoubare strategieë te help beplan om veerkratigheid in verskeie kontekste te skep.

### **1. Dis noodsaaklik om netwerke met ander organisasies, godsdiensgroepe en staatsdepartemente te bou.**

Veerkratigheid het te doen met die bemagtiging van netwerke van verhoudinge en vertroue tussen mense wat in 'n bepaalde gemeenskap woon. Die lede van die Manenberg Veiligheidsforum het talle verhoudinge en vennootskappe met ander organisasies en aktiviste in Manenberg, die groter Kaapstadarea en selfs ander dele van Suid-Afrika. Sommige van hierdie verhoudinge het toevallig ontstaan, maar die meeste van hulle is die gevolg van harde werk. Dit is belangrik om te verstaan dat jy aktief moet moeite doen om mense te ontmoet en verhoudinge te sluit en te onderhou.

Die Manenberg Veiligheidsforum het gevind dit is noodsaaklik om met die volgende belanghebbendes verhoudinge te bou:

- Plaaslike polisieoffisiere (d.w.s. die kaptein van die polisiekantoor) en die plaaslike patrolliepolisie is belangrike name om op julle kontaklys te hê vir wanneer julle 'n misdaad sien gebeur of van 'n misdaad uitvind nadat dit gebeur het. Dis noodsaaklik om verhoudinge te bou met polisieoffisiere wat julle kan vertrou. In misdaadgeteisterde gebiede is sommige polisieoffisiere nie immuun teen korruksie en die invloed van bendes nie. As daar polisielede is wat julle kan vertrou sal die sake wat julle rapporteer h beter kans hê om die aandag te kry wat dit verdien.
- NRO's in julle omgewing, asook soortgelyke organisasies in ander gebiede in Kaapstad of die land is goeie kontakte. Hierdie verhoudinge is belangrik omdat julle mekaar kan ondersteun en kan leer van die werk wat ander organisasies doen. 'n Verwysingsraamwerk is ook nuttig omdat julle nie deskundiges op elke terrein kan wees nie en wanneer 'n lid van julle gemeenskap spesifieke hulp nodig het, is dit noodsaaklik dat hulle na die regte organisasie of mense wat hulle kan help verwys word. Omdat ons besef hoe belangrik hierdie verhoudinge is, het ons 'n lys van Kaapse organisasies en hulle kontakbesonderhede saamgestel om julle 'n voorsprong te gee. Dit is aan die einde van hierdie 'toolkit'.
- Plaaslike kerke en godsdiensorganisasies is kernvennote vir kommunikasie met die gemeenskap en om mense vir h saak te mobiliseer. Hulle kan ook help om lokale vir geleenthede en gemeenskapsvergaderings te verskaf.
- Skole is ook belangrike vennote. Deur verhoudings met skoolhoofde en onderwysers te bou, sal julle meer geleenthede kry om jeugprogramme aan te bied en die jeug in te sluit in die werk wat julle doen.

**Veerkratigheid** is om saam te staan met mense wat in dieselfde saak as jy glo en om saam 'n netwerk wat werk te skep. Al hierdie organisasies, groepe en staatsdepartemente word versterk deur samewerking.



## 2. Kry gemeenskapsteun

Veerkragtigheid vereis eenheid en gesamentlike aksie. Dis daarom nodig om alle lede van die gemeenskap te betrek by die werk wat julle doen. Dis vanselfsprekend dat 'n mens die gemeenskap wat jy wil help moet ken. Dit is 'n stadige en tydrowende proses, maar deur verhoudinge met alle lede van die gemeenskap te ontwikkel, word respek en vertroue gebou.

Hoe meer lede van die gemeenskap weet wat julle kan doen, hoe meer mense sal julle in tye van nood kontak. Toe 'n bendelid byvoorbeeld 'n jong meisie in Manenberg seksueel gemolesteer het, het haar ouers geweet hulle kan Roegchanda bel vir raad oor hoe om die misdaad aan te meld en vir ondersteuning vir hulle dogter. Baie inwoners van gemarginaliseerde en misdaadgeteisterde gemeenskappe voel dikwels geïsoleerd en dat hulle nie gehoor word nie. Deur te luister en steun te verleen, sal julle hulle help om in 'n beter toekoms vir hulle buurt te glo.

**Veerkragtigheid** beteken saamstaan: 'n Veerkragtige gemeenskap beteken die bou van verhoudinge met elkeen sodat elke lid ondersteun kan word en elke individuele stem die geleentheid kry om deel van die kollektiewe stem te wees.

## 3. Kies jou veldslae

Veerkragtigheid beteken dat jy strategies sal wees wanneer jy jou veldslae kies. Baie aktiviste en organisasies het steun en legitimiteit verloor deur in te veel gevegte met te veel mense betrokke te raak. Soos in punte 1 en 2 hierbo aangedui is, is die opbou van verhoudinge van die allergrootste belang.

Soos Roegchanda sê: 'Ek is dalk nie die gaafste mens nie, maar ek was nog altyd die neutraalste mens en dit beteken dat enigeen vir hulp na my kan kom.' Deur voortdurend met die polisie te baklei, sal jy nie 'n polisieoffisier van wie jy in 'n tyd van nood 'n vinnige reaksie kan verwag op jou kontaklys hê nie. Deur met ander organisasies mee te ding en in gevegte betrokke te raak, loop jy gevaar om die mag van eenheid en die gevolglike potensiële onderlinge steun te verloor. Dis altyd goed om te onthou dat die saak groter as jy is en dat jy meestal meer kwaad as goed doen wanneer jy brûe agter jou verbrand.

**Veerkragtigheid** beteken dat jy sterk moet wees en negatiewe invloede moet weerstaan. Deur rusie met jou bondgenote te maak, boet jy kollektiewe krag en eenheid in en gevolglik word jou kapasiteit om veerkragtig te wees, verswak.

## 4. Bou 'n sterk verhouding met die media.

Veerkragtigheid beteken dat julle moet sorg dat julle boodskap gehoor word. Dis nuttig om 'n goeie verhouding met die media te bou want as julle joernaliste help, sal hulle in ruil daarvoor belangrike kwessies wat julle onder hulle aandag bring dek en sodoende aandag op julle saak vestig.

Een voordeel van 'n goeie verhouding met die media is dat as joernaliste jou vertrou, die kans kleiner is dat hulle lede van die gemeenskap ter wille van 'n goeie storie sal uitbuit. As hulle weet dat jy hulle ingelig sal hou oor 'n storie, word jy waardevol vir hulle. Op hulle beurt sal hulle jou respekteer deur sensitiewe inligting by jou te kontroleer voordat hulle daaroor skryf. Dis van groot belang dat jou gemeenskap teen sensasiesoekende media beskerm word. Een manier om dit te doen, is om die kontakbesonderhede van joernaliste wat in jou gebied werk te kry en hulle van inligting, onderhoude en kontakte te voorsien. Bly in kontak met hulle en gee hulle wenke oor groot stories.



**Veerkragtigheid** beteken dat jy jou storie deel. Die media kan die storie van jou gemeenskap met die wêreld deel. Daardeur word jou gemeenskap se stem versterk en word jy met 'n groter groep veerkragtige gemeenskappe verbind.

## 5. Mentor die jeug en gee hulle leiding

Veerkragtigheid beteken geloof in 'n beter môre, en deur die jeug kan dit bereik word.

Jong mense in gemarginaliseerde gemeenskappe loop dikwels gevaar om by 'n bendes aan te sluit of aan misdadige bedrywigheide deel te neem. Hulle kan dikwels nie rede tot hoop en 'n kans vir 'n beter lewe in hulle buurt sien nie. Deur die jeug op te voed en by al julle aktiwiteite in te sluit, kan julle toekomstige leiers oplei en hoop vir die volgende geslag bring. Deur tyd af te staan om die jeug te mentor, bemagtig julle hulle om tot hul reg te kom en voorsien julle hulle van positiewe rolmodelle wat hulle dalk nie tuis het nie. 'n Praktiese manier om dit te doen is om een of twee jong mense in die buurt wat jy ken of wat belangstelling in jou organisasie se werk getoon het te identifiseer. Probeer om hulle gereeld te ontmoet, bemoedig hulle en verskaf mentorskap oor aktivisme. Kry hulle byvoorbeeld betrokke by die reël van 'n geleentheid, om te help met die administratiewe werk of met die gebruik van sosiale media vir 'n projek.

**Veerkragtigheid** is hoop wat verwerklik word deur die leiers van die toekoms. Deur op die jeug van vandag te fokus, bou ons veerkragtigheid vir môre.


## 6. Betrek bendelede en -leiers

Veerkragtigheid is om in die potensiaal vir verandering te glo. Dit is belangrik vir die Manenberg Veiligheidsforum om na bendes uit te reik omdat hulle die bendeleiers en -lede as deel van hulle gemeenskap beskou. Terselfdertyd moet verhoudinge met die bendes goed bestuur word.

Soos Roegchanda verduidelik: 'Of ons daarvan hou of nie, ons moet met die bendes saamleef. Dit is dus belangrik dat ons hulle betrek omdat ons en hulle dieselfde ruimte deel. Dis weens hierdie insig dat ons werk in bendebemiddeling begin het. Ek beveel egter nie aan dat julle met bendes saamwerk tensy julle baie ervare is en verhoudinge oor 'n lang tyd opgebou het nie. Bendeleiers kan strategies wees en julle vir hulle eie doeleindes misbruik.'

Die Manenberg Veiligheidsforum is altyd baie versigtig dat bendeleiers hulle nie vir hul eie agenda gebruik nie. Dit is net so belangrik om die gemeenskap se persepsies hieroor te bestuur. Bendeleiers kan julle dalk wil ontmoet net om die gemeenskap te laat dink dat julle deur hulle ingetrek is. Gevolglik is die Manenberg Veiligheidsforum baie versigtig en selektief oor ontmoetings met bendebase. Die forum neem wel gereeld deel aan kleiner bemiddelings tussen bendelede. Dit is belangrik, aangesien klein gevegte tussen bendelede baie maklik tot 'n groot bendeoorlog kan eskaleer.

**Veerkragtigheid** beteken om die goeie in 'n gemeenskap te vertrou en te glo dat dit die vermoë het om die bose te transformeer. Deur bendes te betrek en te glo dat ook hulle kan verander en aan die opheffing van die gemeenskap kan deelneem, bied jy aan hulle 'n alternatief vir die toekoms. Veerkragtigheid het ook te doen met die beperking van skade: deur bemiddeling in klein bendegevegte, kan die potensiële geweld wat bendes kan veroorsaak verminder word.



## **7. Moenie die emosionele eise van die taak en die sielkundige en maatskaplike ondersteuning wat nodig is onderskat nie.**

Veerkragtigheid bring ook die noodsaak van emosionele en maatskaplike ondersteuning mee. Om 'n gemeenskap van aktiviste te wees, is 'n 24/7-taak.

Soos julle meer verhoudinge bou en meer invloed kry, sal die druk en die werklading toeneem. Meer mense sal krities wees en terselfdertyd sal meer mense verwag dat julle hulle probleme oplos. Om die druk te kan hanteer is dit belangrik om 'n sterk ondersteuningsroep van familie en vriende te hê en om te verseker dat julle ook rustyd kry om te herstel. Ontmoetings met 'n berader om te ontlai word sterk aanbeveel.


**Veerkratigheid** het met gemeenskaplike ondersteuning en bemoediging te doen. Deur 'n ondersteuningsnetwerk te skep, kan 'n aktivis of organisasie voortdurend bemoedig en waardeer word vir die werk wat hulle doen.

## **8. Raak versoen met die NRO-f-woord en sy impak op verhoudinge**

Veerkragtigheid beteken om volhoubaar te wees. Fondse, ofskoon natuurlik baie nuttig om projekdoelstellings te bereik, mag ook 'n slaggat vir baie organisasies wees. Verstaan dus die gevolge van die f-woord. Eerder as om op eksterne befondsing staat te maak, kan volhoubaarheid ook bereik word deur toegewyde vrywilligers.

Soos Roegchanda verduidelik: 'Ek glo een van die redes waarom die Manenberg Veiligheidsforum volhoubaar is, is dat ons 'n vrywilligerorganisasie is en nie van fondse afhanklik is om ons werk te doen nie. Al die lede van die Manenberg Veiligheidsforum gee vrywillig hulle tyd vir die verbetering van hulle gemeenskap. Gevolglik baklei ons nie oor salarissof voordele nie. Tot nou toe is alle geld wat na die Manenberg Veiligheidsforum gekom het vir bepaalde projekte gebruik. Al verstaan ek dat groter en groeiende organisasies noodwendig personeel moet aanstel om hulle doelstellings te bereik, glo ek nie dat dit vir 'n klein gemeenskapsgebaseerde veiligheidsforum nodig is nie.'

**Veerkratigheid** beteken dat 'n mens sterk en stewig staan. Om dit te kan doen, moet 'n organisasie volhoubaar wees. Deur hom as vrywillig te struktureer, sal hy minder afhanklik van befondsing wees en gevolglik volhoubaarder.




## **Veiligheidswenke**

---

Mettertyd het die Manenberg Veiligheidsforum ook 'n paar waardevolle wenke vir persoonlike veiligheid geleer:


- Maak seker dat julle veilige kantoor- of vergaderruimte het wat nie in iemand se huis is nie en wat sekuriteitsbeskerming het.
- Stel 'n protokol vir noodgevalle by die werkplek op. Dit moet planne vir nooduitgange insluit en moet vir groepvergaderings en vergaderings met bendelede geld.
- Wees bewus van die risiko wat jou rol in die kollig as 'n antibende-aktivis vir jou familie inhoud. Dis 'n werklike risiko. Roegchanda vertel hoe 'n bendelid wat haar oudste dogter vir haar aangesien het die dogter geskiet het terwyl sy in die straat gestap het. 'Gelukkig was dit nie 'n noodlottige skoot nie. Tot op hede herinner daardie gebeurtenis ons voortdurend aan waarom ons die werk doen wat ons doen, maar ook aan die veiligheidsmaatreëls wat ons moet tref.'
- Wees versigtig watter inligting julle in die openbare domein plaas en hoe julle dit doen. Wanneer 'n mens met gemeenskapsveerkragtigheid in 'n bendebeheerde omgewing werk, kan jy op sensitiewe inligting afkom. Dit is belangrik om te besef wat die risiko verbonde aan die verkryging en deel van sulke inligting is. Wees diskreet.

Om veerkragtig en sterk gekant teen die maatskaplike en kriminele ongeregtegtigheid te bly in 'n gemeenskap wat uitmekaar geskeur word deur gewelddadige misdaad is uitputtend, emosioneel dreinerend en gevaarlik, maar dis al opsie wat aktiviste het as hulle 'n beter toekoms vir hulle kinders wil hê. Roegchanda se finale advies is om 'jouself voortdurend ingelig te hou oor die oorsake en impak van die misdaad en die maatskaplike stryd in jou gemeenskap, voortdurend te besin oor die werk wat jy doen en seker te maak dat dit altyd nuttig en relevant is vir die behoeftes van die tyd.'




# Belangrike kontakte vir gemeenskaps-aktviste in Kaapstad


Organisasie/ kontakpersoon	Kontakbesonderhede	Rede om te kontak
Roegchanda Pascoe (voorsitter van die Manenberg Veilig- heidsforum)	E-pos: shanda.pascoe20@gmail.com Kontaknommer: 071 436 1504	<ul style="list-style-type: none"> <li>Leiding oor hoe om 'n gemeenskapsveiligheidsforum op te stel.</li> <li>Hoe om betrokke te raak by die Wes-Kaapse Verenigde Veiligheidsfront</li> <li>Netwerkhulp</li> </ul>
Kim Thomas (Global Initiative Against Transnational Organized Crime)	Webwerf: <a href="http://www.globalinitiative.net">www.globalinitiative.net</a> E-pos: kim.thomas@globalinitiative.net	<ul style="list-style-type: none"> <li>Navorsingsverslae oor georganiseerde misdaad verslae oor georganiseerde misdaad</li> <li>inligting oor die regsproses vir die opstel van 'n NRO</li> <li>Netwerkhulp</li> </ul>
Rape Crisis	Webwerf: <a href="http://www.rapecrisis.org.za">www.rapecrisis.org.za</a> E-pos: info@rapecrisis.org  Kontaknommers: Hoofkantoor: 021 447 1467  Beradingslyne: 24-uur Crisis Line: 021 447 9762 Athlone: 021 633 9229 Khayelitsha: 021 361 9085	<ul style="list-style-type: none"> <li>Hulp met betrekking tot gender-gebaseerde geweldskwessies en bewusmaking</li> <li>Verkragtings/aanrandingsberading</li> <li>Gendergebaseerde geweldsvoorspraak</li> </ul>
Traumasentrum	Webwerf: <a href="https://traumacentre.org.za/">https://traumacentre.org.za/</a> E-pos: info@trauma.org.za Kontaknommer: 082 821 2692 (Valdie Van Reenen)	<ul style="list-style-type: none"> <li>Traumaberading</li> <li>Opleiding</li> </ul>



Kinderwelsyn	Webwerf: <a href="http://www.helpkids.org.za">www.helpkids.org.za</a> E-pos: <a href="mailto:information@helpkids.org.za">information@helpkids.org.za</a> Kontaknommer: 021 638 3127	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Aanmelding van kindermishandeling</li> <li>• Kinderbeskermings-programme</li> <li>• Opleiding</li> </ul>
Right2Know	Webwerf: <a href="http://www.r2k.org.za">www.r2k.org.za</a> E-pos: <a href="mailto:admin@r2k.org.za">admin@r2k.org.za</a> Kontaknommer: 021 447 1000	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Voorspraak vir vryheid van uitdrukking en toegang tot inligting</li> <li>• Advies oor en hulp met die reg om te betoog</li> </ul>
Ndifuna Ukwazi	Webwerf: <a href="http://www.nu.org.za">www.nu.org.za</a> E-pos: <a href="mailto:contact@nu.org.za">contact@nu.org.za</a> Kontaknommer: +27 (0)21 012 5094	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Uitsettings en behuisingsverwante kwessies</li> <li>• Voorspraak oor behuising</li> </ul>
Social Justice Coalition	Webwerf: <a href="http://www.sjc.org.za">www.sjc.org.za</a> E-pos: <a href="mailto:info@sjc.org.za">info@sjc.org.za</a> Kontaknommer: 021 361 0298	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Voorspraak m.b.t. die regte van die inwoners van informele nedersettings en toegang tot veiligheid en geregtigheid.</li> </ul>
Equal Education	Webwerf: <a href="http://www.equaleducation.org.za">www.equaleducation.org.za</a> E-pos: <a href="mailto:info@equaleducation.org.za">info@equaleducation.org.za</a> Kontaknommer: 021 361 0127	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Voorspraak oor onderwyss</li> <li>• Ontwikkeling van jeugleierskap</li> </ul>
Childline	Webwerf: <a href="http://www.childlinesa.org.za">www.childlinesa.org.za</a> E-pos: <a href="mailto:info@childlinewc.org">info@childlinewc.org</a> Nasionale krisislyn: 08 000 55 555 Algemene navrae: 021 762 8198	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Krisislyn</li> <li>• Berading</li> <li>• Opleiding</li> </ul>



Claire McGuinness Ubuntu Academy	Kontaknommer: 071 687 4723	<ul style="list-style-type: none"> <li>Jeug-kunste, entrepreneurskap en leierskapskool</li> </ul>
Moms Move for Justice (Hanoverpark)	Kontaknommer: 073 598 4783 (Me. Andrews)	<ul style="list-style-type: none"> <li>Ondersteuningsgroep vir ouers wat kinders in bendegeweld verloor het</li> </ul>
Embrace dignity	E-pos: <a href="mailto:info@embracedignity.org.za">info@embracedignity.org.za</a> Kontaknommer: 087 095 3086 (Mickey Mei)	<ul style="list-style-type: none"> <li>h Suid-Afrikaanse niewinsgewende organisasie o.l.v. vroue wat hulle beywer vir regshervorming om prostitusie en sekshandel te beëindig.</li> </ul>
A21-veldtog	Webwerf: <a href="http://www.a21.org/sa">www.a21.org/sa</a> E-pos: <a href="mailto:info.sa@a21.org">info.sa@a21.org</a>  Kontaknommer: Nasionale Mensehandel-bronnelyn: 0800 222 777	<ul style="list-style-type: none"> <li>Bewusmaking van mensehandel en skoleprogramme</li> <li>Bronnelyn vir advies en hulp met bepaalde gevalle</li> </ul>
Lucinda Evans (Philisa Abafazi Bethu en Rene Roman Search and Rescue)	Kontaknommer: 073 424 4665	<ul style="list-style-type: none"> <li>Aktivisme oor kinderrechte en gendergebaseerde geweld</li> <li>Soektogte na vermiste kinders</li> </ul>



## Erkennings

---

Hierdie ‘toolkit’ is deur Kim Thomas en Roegchanda Pascoe saamgestel. Kim is h ontleder by die Global Initiative Against Transnational Organized Crime en Roegchanda is die voorsitter van die Manenberg Veiligheidsforum. Die skrywers wil graag Mark Shaw bedank vir sy waardevolle insette in en leiding met die hele projek en spesifiek die ‘toolkit’. Die skrywers bedank die lede van die Manenberg Veiligheidsforum vir die deel van hulle ervarings.

Die verslag word opgedra aan die veerkratige gemeenskap van Manenberg.

Foto’s deur Mik Motala.

Hierdie ‘toolkit’ is deur die German Federal Ministry of Economic Cooperation and Development (BMZ) en die Deutsche Gesellschaft für Internationale Zusammenarbeit (GIZ) gefinansier.




Federal Ministry  
for Economic Cooperation  
and Development




## Notas

---

- 1 Monique Duval, Manenberg mom gunned down in street, Daily Voice, 19 October 2018, <https://www.dailyvoice.co.za/news/manenberg-mom-gunned-down-instreet-17551603>.
- 2 Monique Duval, Manenberg ouma gunned down inher home, Daily Voice, 2K2 October 2018, [https://www.dailyvoice.co.za/news/manenberg-ouma-gunned-down-in-the-home-17584473?utm\\_campaign=magnet&utm\\_source=article\\_page&utm\\_medium=related\\_articles](https://www.dailyvoice.co.za/news/manenberg-ouma-gunned-down-in-the-home-17584473?utm_campaign=magnet&utm_source=article_page&utm_medium=related_articles).
- 3 Manenberg boy (7) wounded in gang shooting, Eyewitness News, 12 September 2018, <https://ewn.co.za/2018/09/12/manenberg-boy-7-wounded-in-gang-shooting>.
- 4 Anine Kriegler, aangehaal in Why Cape Town’s murder Rate iis rising, *The Economist*, 4 October 2018, <https://www.economist.com/middle-east-and-africa/2018/10/06/why-cape-towns-murder-rate-is-rising>.
- 5 Gebaseer op 2017/18 amptelike misdaadstatistieke and'n Manenberg bevolkingskatting verskaf deur Ground Up in 2016; sien <https://www.groundup.org.za/article/manenberg-dire-need-more-police/>.
- 6 Vir meer oor die Global initiative's Resilience Project, sien Resilience in Sinaloa: Community responses to organized crime, <http://globalinitiative.net/resilience-in-sinaloa/>.
- 7 Derica Lambrechts, The impact of organised crime on social control by the state: A study of Manenberg in Cape Town, South Africa, PhD-tesis, Stellenbosch Universiteit, 2012.
- 8 Volgens die 2011-sensus deur Stats SA, [http://www.statssa.gov.za/?page\\_id=3839](http://www.statssa.gov.za/?page_id=3839)
- 9 Derica Lambrechts, The impact of organised crime on social control by the state: A study of Manenberg in Cape Town, South Africa, PhD-tesis, Stellenbosch Universiteit, 2012
- 10 T Legget, *Terugskiet* (returning fire): Growing up on the street corners of Manenberg, South Africa, in Dowdney, L (ed.), Neither war nor peace: International comparisons of children and youth in organised armed violence. Rio de Janeiro: Viva Rio/ISER/ IANSA, 296–315.
- 11 Roegchanda Pascoe in gesprek met bejaarde inwoners van Manenberg, Januarie 2013.
- 12 Derica Lambrechts, The impact of organised crime on social control by the state: A study of Manenberg in Cape Town, South Africa, PhD-tesis, Stellenbosch Universiteit, 2012, 162; T Legget, *Terugskiet* (returning fire): Growing up on the street corners of Manenberg, South Africa, in Dowdney, L (ed.), Neither war nor peace: International comparisons of children and youth in organised armed violence. Rio de Janeiro: Viva Rio/ISER/ IANSA, 14.
- 13 Caryn Dolley, Ex-cop in guns-to-gangs case should be charged with murder – lawyer, News24, 8 June 2018, <https://www.news24.com/SouthAfrica/News/ex-cop-in-guns-to-gangs-case-should-be-charged-with-murder-lawyer-20180608>.
- 14 Julian A Jacobs, Then and now: Activism in Manenberg, 1980 to 2010, MA-tesis, Universiteit van die Wes-Kaap, 2010.
- 15 Vir meer oor Pagad, sien B Dixon en L Johns, Gangs, Pagad and the state: Vigilantism and revenge violence in the Western Cape, Centre for the Study of Violence and Reconciliation, May 2001, <http://www.csvr.org.za/docs/gangs/gangspagadstate.pdf>.





**THE GLOBAL INITIATIVE  
AGAINST TRANSNATIONAL  
ORGANIZED CRIME**

[www.globalinitiative.net](http://www.globalinitiative.net)

*A NETWORK TO COUNTER NETWORKS*

